

Die koninkryk word vir almal aangebied

Rondom die groot meer Galilea was daar ongeveer 30 dorpie. Die mense wat hier geleef het, het van die meer en sy ander bedrywe geleef. Hierdie gebied was Christus se eerste sendingveld. Hier het baie mense tot geloof in Hom gekom en deel geword van sy heerlike koninkryk. Die eerste dissipels is ook hier geroep.

Waarheen nou verder? Christus besluit om die res van Galilea te deurreis. Dit is 'n kosmopolitiese bevolking wat hier woon. Mense van oral woon vir eeue hier saam. Die koninkryk van God is immers vir alle mense uit alle volke, tale en nasies. Die koninkryk van God is universeel.

Wat is die koninkryk van God? Ons kan sê die koninkryk van God is die groot alternatief vir hierdie in-sonde-gevalle-wêreld. Dit is God se antwoord op die sondeval. Die ellende en rommel van die sondeval word in Christus opgeruim. In die plek van dood en vernietiging kom heelheid, gesondheid, voorspoed, lewe en aanskouing van God in sy heerlijkheid. Dit word aan ons in Openbaring 21:5 beloof: "Ky, Ek maak alles nuut, sê God!"

Daarom lees ons dat Christus die koninkryk gepreek, geleer en vertoon het op straat, in huise en in die sinagoges. Kragtige wonderwerke vind plaas. Liggaamlike en geestelike siekes word gesond. Verstaan ek en jy die heerlijkheid van dié ryk wat gekom het? Verbly ons ons daarin en dra ons dit verder met die gawes en geleenthede wat Christus ons gee? "Wie in My glo ... sal nog groter dinge as dit doen ..." Dit het Jesus self gesê (Joh 14:12).

Dr. Klasie Heystek (Emeritus)